Voeging van Trusts as 'n party tot 'n Egskeidings.

'n Algemene verskyning in Suid-Afrikaanse egskeidings is Trusts wat gevoeg word as 'n party tot die egskeiding waar partye buite gemeenskap van goed (voor 1 November 1984) of buite gemeenskap van goedere met insluiting van die aanwas bedeling, getroud is.

Huwelik buite gemeenskap van goedere voor 1 November 1984

Huwelike gesluit voor 1 November 1984 is gekenmerk deur mans wie deur die jare hul boedel kon opbou, terwyl die vrou meestal 'n Tuisteskepper was wat na die huis en kinders omgesien het. Die man was die broodwinner en het sy boedel opgebou terwyl die vrou min of geen boedel opgebou het nie, aangesien sy min of geen inkomste verdien het. Die Wet op Huweliksgoedere[1] het geen voorsiening gemaak vir 'n tuisteskepper om enige eis buiten onderhoud in te stel sou die huwelik buite gemeenskap van goedere tot 'n einde kom nie en het dit tuisteskeppers in 'n baie swak finansiële posisie geplaas.

Die Wetgewer het egter partye wie getroud is voor 1 November 1984 in ag geneem en voorsiening getref deur Artikel 7(3) van die Wet op Egskeidings. [2] In terme van Artikel 7(3) van die Wet op Egskeidings[3], het die Hof 'n diskresie om aan partye wat voor 1 November 1984, buite gemeenskap van goedere getroud is, 'n persentasie van die party met die grootste boedel, toe te ken.[4] In bogemelde geval het die Hof 'n disresie oor welke persentasie van die man se boedel aan die vrou toegeken sal word. [5]

Die Hof by monde van sy edele regter Pincus het in die saak van *Bezuidenhout v Bezuidenhout*[6] bevind dat die broodwinner se finansiële bydrae en die ander gade se bydrae as tuisteskepper en kinderversorger gelyke waarde moet dra en dat

---

[1] Wet 88 van 1984.
[2] Wet 79 van 1970.
[3] Wet 79 van 1970.
[4] Bezuidenhout v Bezuidenhout 2003 3 ALL SA 82 (C).
[5] Bezuidenhout v Bezuidenhout 2003 3 ALL SA 82 (C).
[6] 2003 3 ALL SA 82 (C).

ongelyke verdeling van hierdie bydraes op geslagsdiskriminasie sou neerkom.[7] Die Hof het in die saak van *Beaumont v Beaumont*[8] verder bevind dat die egskeidingshof 'n diskresie het om te bepaal wat regverdig ("just") sal wees in die spesifieke geval en moet elke egskeiding op eie meriete beoordeel word.

Dit is algemeen dat wanneer die man 'n Trust het waaruit hy sy besigheid bedryf, hierdie Trust, gevoeg word as 'n party tot die egskeiding. Argumente sal gevoer word dat die Trust inderwaarheid die man se alter ego is en dat die bates van die Trust geag moet word die man se bates te wees en deel vorm van sy boedel, ten einde te bepaal welke gedeelte van die man se boedel die vrou op geregtig is.[9] Die Hof het reeds in *Badenhorst v Badenhorst*[10] bevind, dat daar bewyse moet wees dat die man die Trust beheer het en as daar nie 'n Trust was nie die bates in sy eie naam geregistreer sou wees, dan in daardie geval kan die hof die Trust bates in ag neem tydens die herverdeling van die boedel.

Huwelik na 1 November 1984.

Op 1 November 1984 het die aanwas bedeling in werking getree en verseker dat 'n party tot 'n egskeiding met 'n klein of geen boedel wel kan deel in die aanwas (groei) van die ander party se boedel indien die aanwasbedeling van toepassing is op die huwelik.

Trusts is ook gevoeg as 'n party tot die egskeiding waar partye met die aanwas bedeling getroud is ten einde 'n grooter aanwas in een van die partye se boedel te bewerkstellig.[11]

---

[7] Bezuidenhout v Bezuidenhout 2003 3 ALL SA 82 (C).
[8] 1987 (1) SA 967 (AD).
[9] Badenhorst v Badenhorst 2006 (2) SA 255 (SCA).
[10] 2006 (2) SA 255 (SCA).
[11] Die aanwas word as volg bereken: Die waarde van elke party se boedel op datum van huwelik word in die Huweliksvoorwaarde kontrak gestipileer. Op datum van egskeiding word die begin waarde aangepas met die verbruikersprysindeks en dan afgetrek van die huidige netto boedel van die partye onderskeidelik. Indien daar 'n groei in enige van die partye se boedel is is die party met die kleinste aanwas (groei) in sy boedel geregtig op die helfte van die aanwas in die ander party se boedel.

Die Appel hof het egter bevind in die saak van *MCM en Andere v JCM*[12] en *WT & Ander v KT*[13] dat 'n Trust nie net bloot gevoeg kan word as 'n party tot die egskeiding nie, maar moet daar spesifiek melding gemaak word van welke bates in die Trust deel vorm van die party se boedel ten einde die aanwas te bereken.[14] Die Trust kan nie in totaal meer beskou word as die alter ego van die man nie en moet daar nou spesifieke bewerings en bewyse wees dat spesifieke bates in die Trust die man se bates is en dat die bates as te ware op 'n bedrieglike wyse deur die trust gehou word ten einde die man se eie boedel te verklein.

In die saak van *MCM en Andere v JCM*[15] het die hof eksepsie toegestaan teen die Verweerderes se Teeneis, aangesien die Verweerderes die Eiser se Trust as 'n party tot die egskeiding gevoeg het, maar geen behoorlike saak uitgemaak het welke eiendom in die Trust geag moet word die eiendom van die Eiser te wees nie, asook het die Verweerderes geen saak uitgemaak dat die Trust op bedrieglike wyse gestig is nie. Die Verweerderes het slegs aangevoer dat die Eiser in beheer van die Trust is en dat hy die Trust se bates tot sy eie voordeel kan gebruik end us sy Alter ego is.

Die Hof bevind dat indien 'n Trust gevoeg word as 'n party tot 'n egskeiding daar twee bewerings gemaak moet word:

1. Dat die Trust in totaal op 'n bedrieglike wyse tot stand gekom het en dat die Eiser/Verweerder geheel en al in beheer is van die Trust en met die bates handel asof dit sy eiendom is;[16]

2. Dat spesifieke bates in die Trust die eiendom van die Eiser/Verweerder is en deel vorm van sy boedel.[17]

---

[12] 9758/2011.
[13] [2015] ZASCA 9 (13/03/2015).
[14] MCM & Andere v JCM 9758/2011 en WT & Andere v KT [2015] ZASCA 9 (13/03/2015).
[15] 9758/2011.
[16] MCM & Andere v JCM 9758/2011.
[17] MCM & Andere v JCM 9758/2011.

Die Appel hof het egter met bogemelde saak die voeging van Trusts as 'n party tot egskeidings grotendeels tot 'n einde gebring, deurdat daar nou 'n saak uitgemaak moet word dat spesifieke bates op 'n bedrieglike wyse in die trust geregistreer is, welke die man se eiendom is en welke eintlik deel van sy boedel moet vorm, ten einde die aanwas te bereken.

Die Hof het verder bevind dat 'n Egskeidingshof nie 'n diskresie het oor die bedrag wat toegeken word aan die party met die kleinste boedel nie, maar is dit bloot 'n wiskundge berekening om te maak ten einde vas te stel op welke bedrag die party met die kleinste boedel geregtig is, wanneer die aanwas bereken word. Die hof moet nie 'n beslissing maak aan die hand van welke bedrag regverdig ("just") sal wees nie, maar slegs die berekening toepas.[18]

Alhoewel dit nie onmoontlik is om 'n Trust as 'n party tot 'n egskeiding te voeg nie sal daar nou eers deeglike ontleding van die Trust, sy bestuur, beheer en bates gedoen moet word alvorens daar gepleit kan word dat 'n Trust en of die bates daarin deel van 'n party se boedel vorm tydens die berekening van die aanwas.

Deur: Marga van Aardt (LL.B, LL.M)

[18] MCM & Andere v JCM 9758/2011.